**Onderwerp jou aan die Enigste ware God**

**Lees: Deuteronomium 18: 9 – 14 Teks: Deuteronomium 18: 13**

As jy nou in die kerk sit en die diens begin dan word daar na die horlosie gekyk en as die diens net te lank aanhou dan is daar perde. Hoekom het die dominee so lank gepreek. Daar is so baie ander dinge wat ek op hierdie Sondag moet doen.

Dieselfde gebeur in die week as iemand jou tyd staan en mors omdat hulle laat is of hulle nie jou afspraak nakom nie. Wat ons eintlik vandag wil sê is dat TYD die mens se afgod geword het.

Ons praat in vandag se tyd nie veel van afgodery nie. Ons dink dat dit nie nodig is nie. Ons dien mos die Enigste ware God. Ons is nie geneig om ander gode te dien nie. Daarom as ons by daardie deel van die Wet kom dan luister ek nie eers nie.

Maar die doel van die Wet is dat jy juis moet luister. Nie net na daardie wette wat op jou van toepassing is nie maar na almal. Die rede is omdat ons geneig is om die wet te oortree sonder dat ons daaraan dink.

Die volk staan op die punt om die beloofde land binne te gaan. Die Here gee die laaste instruksies, en herinner hulle daaraan dat hulle 'n land gaan binnegaan waar die mense baie anders dink en doen as wat hulle gewoond is. Hulle het 40 jaar in die woestyn gewandel en is hierdie dinge nie gewoond nie.

Die Here praat met hulle in vers 9 van die afskuwelike wanpraktyke van die volkere in Kanaan. Verse 10 en 11 praat van die kinderoffers aan die afgod Molek, en hoedat hulle hulle daarvan moet weerhou. Tog het hulle nie geluister nie. In 2 Konings 21: 6 lees ons hoe hierdie einste volk van die Here dieselfde pad geloop het as hierdie volke.

Hy waarsku hulle oor towery en waarsêery, heksery en ander soortgelyke praktyke. Dan lees ons in Handelinge 8 van Simon die towenaar, en die vrou met die waarsêersgees in Handelinge 16.

Die Here waarsku ook teen Spiritisme, die raadpleeg van dooie geeste, en daar kry ons die voorbeeld van die heks van Endor wat Saul gaan raadpleeg het na Samuel se dood.

En as ons dink dat hierdie dinge nie vandag bestaan nie, dan moet die gevaarligte baie duidelik begin flikker. Ons beleef beslis sulke dinge vandag met die sterre wat voorspel, met mense wat glasie glasie speel, met allerhande wanpraktyke.

Baie maal sal ons onself troos met die gedagte dat ons ons nie besig hou met hierdie dinge nie. Maar wat daarvan dat ons nog steeds die Here as Enigste God in ons lewens verwerp?
Tyd het ons afgod geword. Ons het nie tyd om Kerk toe te gaan nie. Wanneer het ek tyd vir myself? Ons het nie geld om ons dankoffers te gee nie. Ek het dit nodig vir die naweek se wegbreuk sodat ek net kan rus.

Moenie my kom pla oor die feit dat ek betrokke moet raak by gemeente aktiwiteite nie, want ek het nie tyd daarvoor nie.

Kom julle agter hoedat TYD ons afgod geword het. Ek gebruik my tyd om dinge te doen wat vir my belangriker is as wat ek doen wat die Here van my vra.

Die Here se doel met hierdie waarskuwings was om die volk voor te berei daarop dat daar allerhande ander dinge gaan wees wat veroorsaak dat die Here nie meer die belangrikste persoon in hulle lewens is nie. Ons beleef dit vandag.

Nie meer huisgodsdiens nie, nie meer dankoffers nie, nie meer belangstel om my kind reg te leer en te dissiplineer nie. Nie meer belangstelling in die Kerk en die bywoning van die erediens nie.

Alles gaan oor myself en my dinge, my begeertes en my tyd. Die Here is nie meer in beheer nie. Terwyl die volk en ons so dankbaar moet wees wat die Here gedoen het. Hy het hulle verlos uit Egipte en hulle vir 40 jaar deur die woestyn gelei.

Vir ons het Hy ons uit die slawerny van die sonde verlos en aan ons 'n nuwe lewe gegee. Hy het Sy Gees in ons uitgestort om ons te help en by te staan sodat ons die Here op die regte manier kan dien. Ons het geen verskoning nie. Die genade van die Here is groot en vereis groot dankbaarheid teenoor die Here daarvoor.

Ons kan nie anders as om die Here eerste te stel in ons lewens en Hom alleen te dien op die wyse wat Hy van ons vra en verwag.

**Ds. Neville Boy**
**21 Oktober 2018**